HALLO. HOOGLAND

Geloof deur liefde tot dade

13 April 2025

041 367 1485 | info@pehoogland.co.za | www.pehoogland.co.za | 079 815 9325

Welkom by Hoogland!

Dis heerlik om jou vandag hier te hê, of jy nou 'n besoeker of nuwe lidmaat is – weet dat jy deel is van ons Hoogland geloofsfamilie.

Hier is 'n plek vir jou!

Kom maak gerus ná die diens kennis met die leraars vóór in die kerk. Vra ook gerus ons Gemeentedienste-dame in die voorportaal as jy enige vrae het – sy is by die tafel by die hoofingang en help graag.

Wil jy meer uitvind of betrokke raak?

Kontak gerus vir Leandra in die kerkkantoor of besoek ons webwerf: www.pehoogland.co.za. Neem ook 'n "Nuwe Intrekkers"-koevert uit die brosjurehouer – dis vol nuttige inligting.

Program van die dag

09:00 Oggenddiens - Palmsondag: Ds Sunell Ribbens
10:00 Geloofvormingsgroepe vier Palmsondag in hulle onderskeie lokale

16:30 Buffelsfonteindiens : Ds Sunell Ribbens

Deurkollekte: MTR Smit

Program vir die week

Maandag: 14 April
10:00 Gebedsaksie: Kapel
Dinsdag: 15 April
18:00 Divorce Care @ Hoogland
Woensdag: 16 April
08:45 B'fontein Bybelstudie
10:00 Gemeente Bybelstudie
Donderdag: 17 April
18:30 Wydingsnagmaal
Vrydag: 18 April
09:00 Goeie Vrydagdiens
Sondag: 20 April
05:30 Sonsopkomsdiens - Ontmoet by Hoogland
09:00 Paasfeesdiens

Hoogland Dankoffers & Basaar bydraes

(vir Basaar bydraes: Verwysing Basaar

Snap here to pay
SnapScan

Bankbesonderhede
NG Kerk PE Hoogland
ABSA
Rek - 1400 149 980
Takkode - 632005

Zapper

Hoogland dra jou in gebed...

Het jy iets op die hart waarvoor ons kan saam bid?
Stuur jou gebedsversoek gerus, in groot vertroue, via *WhatsApp* na 079 815 9325.

Divorce Care @ Hoogland

... bied 'n geleentheid vir elkeen wat die seer en uitdagende pad van egskeiding stap of al gestap het.

Dis 'n veilige, ondersteunende ruimte waar jy saam met ander kan lag, gesels en groei en nuwe hoop vind.

Divorce Care @ Hoogland begin Dinsdag, 15 April om 18:00. Aletheia Botha sal as fasiliteerder hierdie spesiale omgee-groep lei met deurleefde deernis en insig.

Paasfees @ Hoogland

Donderdag, 17 April: 18:30 - Wydingsnagmaal

Kom beleef saam die laaste aand voor die kruisiging en vind ritme in hierdie spesiale nagmaal as voorbereiding vir Paasfees.

Vrydag, 18 April: 09:00 - Goeie Vrydagdiens

Met stilte en diepe nadenke beleef ons saam as geloofsfamilie die gebeure rondom Jesus se kruisiging.

Saterdag, 19 April - Stil Saterdag

Vervang die rooi lap om jou hek teen laatmiddag met 'n wit lap as simboliese voorbereiding vir die viering van Christus se opstanding.

Sondag, 20 April

05:30 - Sonsopkomsdiens

Ons ontmoet vroegoggend by die kerkgebou. Bring jou beker/fles warm koffie en beskuit / paasrolletjies. Van hier af vertrek ons vir die sonsop-koms na die reservoir in Melsetterstraat (Lovemore Heights) OF Humble Ways.

09:00 - Paasfeesdiens

Vier die fees van Jesus se opstanding met vreugde, musiek en voorlesings. Jou 40 dae van vas eindig vandag in oorwinning!

Uit die hart...

Gedurende Lydenstyd was ons op ’n besondere reis waarop ons telkens gesien het: *God is aan die beweeg*. Vanoggend staan ons op die drumpel van die Groot Lydensweek en ons harte begin al saam roep: *Hosanna!*

Ons lees hoe Jesus op ’n donkie Jerusalem binnery. Nie met groot vertoon nie, maar eerder met die sagtheid van ’n Koning wat presies weet waarheen Hy op pad is. Die mense kon nie stilbly nie. Hulle harte het gebars van lof:

“Hosanna! Geseënd is Hy wat kom in die Naam van die Here!”

Tog, tussen al die vreugde, spreek Jesus egter woorde wat diep tref:

“As hulle stilbly, sal die klippe uitroep.” - ***Lukas 19:40***

Dit laat my wonder... *Hoeveel keer bly óns stil?* Nie omdat ons nie liefhet nie, maar dalk omdat ons moeg is, besig is of onseker voel.

Mag ons altyd onthou: *God is aan die beweeg*. Nie net in die Bybel nie, maar juis ook vandag. Hier by my en by jou. Hy stap saam met ons in die gewone én die moeilike tye van ons lewe. Hy is naby in ons vrae, in ons vreugdes en selfs in ons trane. Daar waar Hy beweeg, raak Hy ons aan en roer Hy ons harte tot lof.

As ons hierdie week tree vir tree nader aan die kruis beweeg, mag ons dit nie stil-stil doen nie. Mag ons lewens ’n ‘*Hosanna’* wees:
- ’n roep van *hoop,*
- ’n lied van *dankbaarheid*,
- ’n fluister van g*eloof*.

Jesus is op pad - nie net na Jerusalem toe nie, maar reguit na ons harte toe.
Mag ons nie stilbly nie. Mag ons saam roep:

“Hosanna! Geseënd is Hy wat kom in die Naam van die Here!”

Groete ... ds Sunell

HOOGLAND
Toeka tot Nou
KUIERFEES

16:00 23 MEI

Silwer Snare Boere-orkes & Ou motor uitstalling

Veiling met goeie items om 17:15

Verskeidenheid kos / Prettige kinderarea met kindertafel / Groentemark / Tombolatafel / lieflike Plaasstal en, en, en.

PE Hoogland, 1 Isobellaan, Charlo

Toeka tot Nou Kuierfees : 23 Mei - 16:00

☐ **Ek help graag by :**

☐ **Ek skenk graag :**

Naam & Kontaknommer :

Handig so gou moontik in by Gemeentedienste of die Kerkkantoor! Navrae : Kitty / Leon

Toeka tot Nou

KUIERFEES

Die opwinding borrel – kan jy dit voel? Dis amper tyd vir ons *Kuierfees* en jy's uitgenooi om deel te wees van die pret!
Die **Silwer Snare Boere-orkes** gaan die musiek laat sing en die **ou motor-uitstalling** gaan jou sommer terugneem in tyd!

Ons het JOU nodig!

Gee net **1 uur** van jou tyd op die dag – elke hand maak die werk lig, en elke hart maak die kuier groot!

Hoe kan jy help?

Ons soek nog 'n paar lekker goed om die fees ekstra spesiaal te maak:

⇒ Roomysbakke (2L of 5L) & glasbottels – enige grootte
⇒ Veilingitems – iets besonders of uniek? Wildsvleis? 'n Spesiale skenking?
⇒ Handwerk & plaasprodukte – ingelegde lekkernye, gebottelde slaaie, konfyt ens. vir die Plaasstal
⇒ Tombola-items – skoon, bruikbare speelgoed, boeke, huisitems en ander verrassings
⇒ Tuisgebaktafel – bring jou beste melktert, wortelkoek, souttert of enige gunsteling!

Lus om in te spring?

Praat gerus met **Leon of Kitty** – jy kan kom aanmeld waar jy wil help en as jy iets wil skenk, sien net die bestanddele-lyste op die banke.

Help ons die woord versprei!

- Deel die basaar-flyer op jou *WhatsApp*-status
- Versprei alle bemarkingsmateriaal onder jou vriende en kennisse
- Deel ons *Facebook / Instagram* plasings
- Neem 'n "Motorruit"-advertensie in die voorportaal

HOOGLAND KOORFEES

DINSDAG, 22 APRIL 2025

18:30

VENUE:
NGK SOMERSTRAND

LAERSKOOL SUNRIDGE

LAERSKOOL SUMMERWOOD

HOËRSKOOL PEARSON

FRAMESBY FANTASIA

HOËRSKOOL D.F. MALHERBE

CLARENDON PARK PRIMARY SCHOOL

WESTERING HIGH SCHOOL: DECIBELLES

DONDERDAG, 24 APRIL 2025

18:30

VENUE:
NGK PE HOOGLAND

LAERSKOOL MOUNT PLEASANT (JUNIOR & SENIORKOOR)

LAERSKOOL KABEGA PARK

HOËRSKOOL ANDREW RABIE

OPTIMA VOICES WESTERING HIGH SCHOOL

CURRO WESTBROOK (SENIOR & HIGH SCHOOL CHOIR)

KAARTJIE VERKOPE OPEN 22 MAART

R80 QUICKET
R100 DEUR
(SLEGS KONTANT)

Quicket
EXPERIENCE AWESOME

HOOGLAND KOORFEES

Hoogland het vanjaar die voorreg om twee ongelooflike Koorfeeste aan te bied en ons kan nie wag om dit te vier nie!

Dit is 'n gesogte musiekgeleentheid in PE en elkeen van julle word uitgenooi om deel te wees van hierdie wonderlike musiekervaring!

Daar is **twee Koorfees-aande** hierdie jaar, sodat daar soveel moontlik kore en ouers geakkommodeer kan word:

Koorfees 1
- Dinsdag, 22 April om 18:30
- NG Kerk Somerstrand

Koorfees 2
- Donderdag, 24 April om 18:30
- NG Kerk PE Hoogland

Kaartjiebesprekings is reeds oop !
- R80 aanlyn via Quicket
- R100 by die deure

Maak seker jy bespreek betyds – hierdie kaartjies vlieg altyd vinnig!

Let wel: Vir navrae, kontak asseblief vir **Leandra in Hoogland** se Kerkkantoor. Somerstrand se kerkkantoor hanteer nie kaartjiebesprekings of enige navrae nie.

Moenie dit misloop nie!!

Hoogland Kuierfees Potjiekoskompetisie

Inskrywingsvorm

Naam van Span _____

Naam /e van Deelnemer/s _____

_____

_____

Kontak telefoonnommer _____

Kontak epos adres _____

Tipe Pot wat jy/ julle gaan voorberei _____

Jana Jonker (072 501 5573) is die konvenor en kan enige tyd genader word vir meer Inligting.

Potjiekoskompetisie reëlings

Baie dankie aan elkeen wat inskryf vir die Kuierfees-potjiekoskompetisie.

- Almal neem deel om die gesogte trofee vir die Hoogland Kuierfees se kampioen potjiekosmaker te wen.
- Nr 3 Potte word gebruik.
- Elkeen moet sorg vir sy eie vuur/gasstoof om sy potjie op gaar te maak. Hout sal voorsien word. Die potjies gaan onder die bome agter die tent gemaak word, maar bring maar 'n gazebo of sambreel saam vir beskerming teen moontlike son of reën.
- Moontlike items wat saamgebring moet word sluit in:

⇒ Swart potjie, gaskan, gaskansleutel en gasplaat.
⇒ Handskoene, voorskoot en hoed.
⇒ Sigaretaansteker, messe, vurke, lepels
⇒ Tafel, stoele en tafeldoek.
⇒ Potte, bekers, bakke en glase.
⇒ Koelsak en ys.
⇒ Al die bestanddele vir die pot wat jy gaan maak.
⇒ Onthou sout, peper en speserye.

- Kaartjies vir potjiekos gaan by die kaartjiestalletjie verkoop word teen R50.00 'n bakkie.
- Potte moet om 16:00 gereed wees as die basaar begin. Beoordeling geskied om 16:30.
- Die wenners word om 19:00 in die tent aangekondig en vir die wen trofee / pryse.
- Jy moet jou eie potjie op die gepaste manier voorsit vir die beoordelaars. Jul kan die Beoordelingsvorm raadpleeg vir kategorieë waarteen die pot beoordeel sal word.
- **Sluitingsdatum vir inskrywings is Maandag, 19 Mei voor 12:00.**
- Ons wil graag hê dat julle saam met Jana die konvenor die kaartjies tel sodat ons kan weet hoeveel verkope elke stalletjie gedoen het.